# JAPIE NESER EN DIE AFRIKANER-OPSTAND VAN 1914-1915: REBEL SONDER/MET 'N REDE?

**André Wessels**[1]

***Abstract***

*The decision taken by the government of General Louis Botha to actively deploy the Union (of South Africa's) Defence Forces in support of the Allied cause during the Great (later known as the First World) War of 1914-1918, elicited strong negative reactions from a portion of South Africa's white Afrikaans-speaking community. In due course, nearly 12 000 Afrikaners took up arms against their lawful government. One hundred years later, the Afrikaner rebellion of 1914-1915 is still a controversial episode in South Africa's history. In this article the events of 1914 (and their aftermath) are revisited by analysing the reminiscences of two-time rebel, Commandant Jacob Petrus (Japie) Neser. (During the Anglo-Boer War of 1899-1902 he was a Cape rebel in Boer ranks.) His reminiscences shed light on the rebel activities in the Orange Free State, with special reference to the role played by General Christiaan de Wet. To what extent was Neser a rebel without (or with) a cause? How should the rebellion be evaluated from a military point of view? Is it unfair to label the 1914-1915 rebellion as a farce in the veld? These are some of the issues that are addressed in this study.*

**Keywords:** Japie Neser; Afrikaner revolt/rebellion 1914-1915; Christiaan de Wet; Union Defence Forces (UDF); First World War.

**Sleutelwoorde:** Japie Neser; Afrikaneropstand/rebellie 1914-1915; Christiaan de Wet; Unie-Verdedigingsmagte (UVM); Eerste Wêreldoorlog.

## 1. INLEIDING

'n Honderd jaar na afloop van die Afrikaneropstand (rebellie) van 1914-1915, ontlok hierdie omstrede gebeurtenis steeds uiteenlopende reaksies. Aan die een kant is daar diegene wat dit steeds vanuit 'n Afrikanernasionalistiese oogpunt benader en in die konteks van 'n stryd tussen nasionalisme en internasionalisme plaas; vir wie dit gaan om die Afrikaner as slagoffer van Britse imperialisme in sy stryd om selfbehoud. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld Paul Grobbelaar se *1914: Rebellie of protes? Vryheid teen imperialisme* (Calitzdorp: Die Outeur, [2013]). Albert Grundlingh en Sandra Swart plaas egter in hul insiggewende *Radelose rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2009)

1 Senior Professor en Hoof, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein en Besoekende Professor, University of New South Wales at the Australian Defence Force Academy (UNSW@ADFA), Canberra. E-pos: wesselsa@ufs.ac.za

die gebeure van 1914-1915 in ’n veel breër konteks, ontleed die vervlegtheid van dryfvere en die sosiale leefwêreld van die rebelle, en slaag gevolglik in hul pogings om nader te kom aan ’n volronde verklaring vir die opstand.

Bogenoemde twee boekpublikasies is van die weinige manuskripte oor die rebellie wat die afgelope paar dekades in boekvorm die lig gesien het. (Sedert hierdie artikel vroeër in 2014 voltooi is, het daar wel nog twee belangwekkende boeke oor die rebellie verskyn, naamlik dié van LJ Bothma, *Rebelspoor: die aanloop, verloop en afloop van die Boereopstand van 1914-15* (Bloemfontein: Die Outeur, 2014) en DJ Langner en AWG Raath (reds.), *Die Afrikanerrebellie 1914-1915* (Pretoria: Kraal Uitgewers, 2014).) Vroeër het daar wel talle monografieë oor die 1914-1915-rebellie verskyn. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld SPE Boshoff, *Rebellie-sketse uit mij dagboek, 1914-1915* (Amsterdam: J.H. de Bussy, 1918), JK O’Connor, *The Africander rebellion: South Africa to-day* (Londen: George Allen & Unwin, 1915), PJ Sampson, *The capture of De Wet: the South African rebellion of 1914* (Londen: Edward Arnold, 1915), JH Schoeman, *Die ander kant van die rebellie* (Pretoria: J.H. Schoeman, 1915), GD Scholtz, *Die rebellie 1914-15* (Johannesburg: Voortrekkerpers, 1942; weer uitgegee, Pretoria: Protea Boekhuis, 2013), H Oost, *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1956), L Thompson, *The lion and the adder: a story of the rebellion* (Londen: Mills & Boon, 1916) en HS Webb, *Oorzaken van de rebellie* (Pretoria: Noordelike Drukpers Maatskappij, 1916). Dan was daar ook die verslae van die amptelike kommissies van ondersoek wat na aanleiding van die rebellie aangestel is, byvoorbeeld Unie van Zuid-Afrika, *Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika* (U.G. 46-’16; Kaapstad: Cape Times, 1916), Unie van Zuid-Afrika, *Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika: notulen van getuienis* (U.G. 42-’16; Kaapstad: Cape Times, 1916) en Union of South Africa, *Report on the outbreak of the rebellion and the policy of the government with regard to its suppression* (U.G. 10-’15: Pretoria: The Government Printing and Stationary Office, 1915).

Wat nagraadse studies betref, is daar byvoorbeeld SB Spies, *The rebellion in South Africa 1914-1915* (MA, Universiteit van die Witwatersrand, 1962), EC Papenfus, *H.D. van Broekhuizen se rol in die rebellie van 1914-1915* (MA, Universiteit van Suid-Afrika, 1993), PW Möller, *Generaal C.F. Beyers se rol in die rebellie van 1914* (MA, Universiteit Pretoria, 1976), LC Holtzhausen, *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die O.V.S. en die rebellie* (MDiv, Universiteit van Suid-Afrika, 1950) en PR du Toit, *Die rebellie en die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat, 1914-1919* (MTh, Universiteit Stellenbosch, 1975). Belangwekkende

akademiese artikels oor die rebellie sluit in Albert Grundlingh se historiografiese artikel oor dié onderwerp, wat in 1979 in die akademiese tydskrif *Kleio* verskyn het.[2]

Die Groot Rebellieboek is egter waarskynlik nog nie gepubliseer nie, hoewel dit hopelik binne die volgende paar jaar wel die lig sal sien. Prof. MCE ("Tienie") van Schoor het baie jare lank navorsing oor die rebellie gedoen en 'n magdom inligting versamel, insluitende eerstehandse getuienisse van rebelle (met wie hy onderhoude gevoer het en/of wie se skriftelike rebellie-herinneringe hy bekom het). Van hierdie inligting het neerslag gevind in Van Schoor se boek *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2006), asook in sy biografieë oor De Wet (*Christiaan Rudolph de Wet: krygsman en volksman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2007) en Steyn (*Marthinus Theunis Steyn: regsman, staatsman en volksman*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2007). Prof. Van Schoor is op 25 Julie 2009 oorlede en prof. Piet van der Schyff het onderneem om met die rebellie-projek voort te gaan. Laasgenoemde is egter op 13 Oktober 2013 oorlede en tans (2014) werk dr. Bertie Fourie aan die projek. Met die onvoltooide Van Schoor-manuskrip oor die rebellie as basis, en met behulp van die aanverwante addisionele inligting wat Van Schoor byeengebring het, plus addisionele inligting wat versamel is of nog versamel moet word, hoop Fourie om binne afsienbare tyd die mees omvattende boek tot nog toe oor die rebellie die lig te laat sien.

Tot dusver is die rebellie hoofsaaklik aan die hand van die optrede van die leiersfigure (byvoorbeeld Christiaan de Wet, Koos de la Rey, Christiaan Beyers, Jan Kemp en Manie Maritz) beskryf. In sy boek oor Kemp se tog deur die woestyn het Van Schoor wel ook uittreksels uit die dagboeke en herinneringe van rebelle ingesluit.[3] En dan natuurlik is daar die baanbrekerswerk wat deur Albert Grundlingh en Sandra Swart gedoen is in hul boek *Radelose rebellie?* waarna reeds hierbo verwys is.

In hierdie artikel word die rebellie belig vanuit die oogpunt van 'n "gewone rebel", naamlik Japie Neser. Jacob Petrus (Japie) Neser is op 18 Augustus 1873 op die plaas Modderfontein in die distrik Colesberg in die destydse Britse Kaapkolonie gebore. In 1899 was hy werksaam in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR; Transvaal), en wel as kondukteur in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), maar hy was steeds 'n Kaapse burger. Kort nadat die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het, het Neser as Kaapse rebel by die Boeremagte aangesluit. In November 1899 het hy saam met die republikeinse magte die Kaapkolonie binnegeval en aan die Colesberg-front aan talle gevegte deelgeneem. Met die Boere-terugtog uit die Kaapkolonie in Maart 1900, het Neser die Boeremagte na die Vrystaat vergesel. Later is hy na die ZAR, maar

2 AM Grundlingh, "Die rebellie van 1914: 'n historiografiese verkenning", *Kleio* 11(1-2), 1979, pp. 18-30.
3 MCE van Schoor, *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2006), p. 172 *et seq*.

nadat die Britte Pretoria op 5 Junie 1900 beset het, het hy saam met kommando's na Oos-Transvaal (die huidige Mpumalanga) uitgewyk. Vervolgens het Neser na die Vrystaat (wat toe reeds deur die Britte geannekseer is) teruggekeer, daarna 'n uitgebreide verkennings-/spioenasietog na die Kaapkolonie onderneem (aanvanklik saam met vier ander rebelle, maar uiteindelik op sy eie), weer na die Vrystaat teruggekeer om terugvoer te gee, en toe (in die nag van 15-16 Desember 1900), as lid van genl. JBM Hertzog se staf, weer eens die Kaapkolonie binnegeval.[4]

Vanaf Maart 1901 was Japie Neser lid van kmdt. Hendrik Lategan se kommando, en as lid van dié kommando het hy aan die Boere se guerrilla-veldtog in die Kaapkolonie deelgeneem. In Junie 1901 is Neser ernstig gewond, maar hy het herstel en vanaf Oktober 1901 was hy 'n kommandant in bevel van sy eie guerrilla-kommando. Tot en met die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902, was Neser in Wes- en Noordwes-Kaapland bedrywig; trouens, hy het op 3 Junie (dus drie dae nadat die stryd amptelik verby was) nog met 'n Britse kolonne gebots. Tydens die oorlog het Neser homself as 'n onverskrokke vegter en goeie guerrilla-bevelvoerder bewys. Hy het nooit vir gevaar teruggedeins nie. As bevelvoerder het hy altyd 'n voorbeeld gestel deur aan die voorpunt te veg, en geweet hoe om mense te inspireer. Hy kon nie trae en huiwerige optrede verdra nie, en het deurgaans goeie dissipline gehandhaaf. Hoewel Neser nie as 'n vooraanstaande Boere-guerrilla-bevelvoerder van die Anglo-Boereoorlog bekend is nie, het hy tog 'n bydrae tot die Boere se oorlogspoging gelewer – en wel in die besonder in die Kaapkolonie. Tydens die oorlog het hy ook verskeie van die vooraanstaande Boereleiers ontmoet en soms ook saam met hulle aan operasies deelgeneem, byvoorbeeld genls. Christiaan de Wet, JBM Hertzog en Jan Smuts. Die feit dat Neser talle swart en bruin mense, wat in uniform in diens van die Britse leër was, summier laat teregstel het wanneer hy hulle gevang het, bly egter steeds 'n hoogs omstrede saak.[5]

Tydens die oorlog het Neser ten minste 8 000 km (meesal te perd; soms per trein) afgelê, en na afloop van die stryd 'n verdere sowat 35 000 km alvorens hy weer in Suid-Afrika voet aan wal gesit het. Aangesien Neser as rebelle-offisier 'n verhoor in die gesig gestaar het, het hy – soos sommige ander rebelle en republikeinse burgers en offisiere – besluit om na die buiteland uit te wyk. Saam met 'n aantal ander persone het Neser die grens na Duits-Suidwes-Afrika (DSWA; die huidige Namibië) oorgesteek en vanaf Swakopmund per skip na Hamburg gevaar.

4 A Wessels (red.), "Die oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Neser", *Christiaan de Wet-annale* 7, Oktober 1987, pp. 9, 17-57.

5 *Ibid*., pp. 9-10, 62-100; A Wessels, "Japie Neser: Cape colonial and Afrikaner rebel, 1899-1902 and beyond", *New Contree* 61, Mei 2011, pp. 66-73.

Na ’n besoek aan Berlyn het Neser hom in Amsterdam gevestig. Hy het aan die begin van 1904 na Suid-Afrika teruggekeer.[6]

Baie jare na afloop van die Anglo-Boereoorlog, het Neser sy oorlogsherinneringe by nie minder nie as vier geleenthede deur vier verskillende persone laat opteken. Op 27 April 1933 het dr. WS Radley, destyds ’n onderwyser, Neser se herinneringe (33 handgeskrewe bladsye in ’n skooloefeningboek) op die plaas Saaibult in die Marquard-distrik opgeteken. Ook in die 1930s het Johannes C Vermaak Neser se herinneringe te Vereeniging opgeteken (14 getikte A4-grootte bladsye). Hierdie dokument handel slegs oor die periode Augustus tot Desember 1900. In 1954-1955 het een van Japie Neser se kleinseuns, ook JP Neser, die rebellie-veteraan se herinneringe te Brandfort opgeteken. In getikte folio-formaat beslaan dit 99 bladsye, waarvan pp. 1-57 oor die Anglo-Boereoorlog handel, en pp. 58-75 oor die gebeure na afloop van die oorlog: Neser se reis na en verblyf in Europa, en sy terugkoms na en verblyf in Suid-Afrika tot 1908. Die laaste deel van sy herinneringe (pp. 76-99) beskryf Neser se rol tydens die rebellie van 1914-1915. (Aanstons meer daaroor.) In April 1957 is Neser se oorlogsherinneringe ’n vierde en laaste keer opgeteken – dié keer deur Pieter de Waal, destyds verbonde aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Dit beslaan 137 getikte foliobladsye en handel oor die oorlog en Neser se ervaringe daarna tot ongeveer 1908.[7] Al vier hierdie oorspronklike tekste word in die biblioteek van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein bewaar. In 1978 het André Wessels, die outeur van hierdie artikel, dié vier tekste met mekaar vergelyk en ’n gekonsolideerde teks saamgestel. Hierdie “nuwe” omvattende (geïnterpoleerde, gesintetiseerde) teks is uiteindelik in 1987 in geredigeerde en geannoteerde formaat in die *Christiaan de Wet-annale* gepubliseer.[8]

Uit bogenoemde blyk dit dus dat slegs die herinneringsgeskrif wat deur JP Neser (kleinseun) in 1954-1955 opgeteken is, inligting omtrent kmdt. Japie Neser se rol tydens die 1914-1915-rebellie bevat. Uitgaande van die standpunt dat die 1914-1915-Afrikanerrebellie ’n hoogs omstrede opstand was, maar ’n gebeurtenis wat verreikende politieke en ander gevolge ingehou het, word – teen die agtergrond van die honderdjarige herdenking van die rebellie – Japie Neser se 1914-1915-rebellieherinneringe in hierdie artikel as basis gebruik vir ’n oorsig en evaluering van hierdie kleurryke, dog ook omstrede, rebel se rol tydens hierdie opstand. Uiteraard moet dit in gedagte gehou word dat hierdie herinneringe eers veertig jaar na afloop van die rebellie opgeteken is. Dele van sy rebellie-herinneringe sal verbatim gepubliseer word, en waar substansiële dele aangehaal word, sal dié teksgedeeltes, waar nodig, geredigeer en geannoteer word, ten einde dit histories te anker en in perspektief

6 Wessels (red.), pp. 10-11, 106-118; Wessels, pp. 74-76.
7 Wessels (red.), pp. 12-13.
8 Volle bibliografiese besonderhede word in voetnoot 4, *supra*, verskaf.

te plaas. Met hierdie artikel word dit dus ten doel gestel om ’n oorspronklike ego-dokument aan ’n wyer gehoor bekend te stel; die rol van ’n omstrede rebel te belig, en in dié proses ook antwoorde op onder meer die volgende vrae te probeer verkry: Kan Neser (en andere) se rebellie teen ’n wettige owerheid geregverdig word? (Is daar dus sprake van rebellie met of sonder ’n [geldige] rede?) En: Hoe moet die rebellie vanuit ’n militêre oogpunt benader en geëvalueer word? Die artikel beoog uiteraard ook om veral lig te werp op die rebellie in die Oranje-Vrystaat (OVS, soos die land se sentrale provinsie destyds bekend gestaan het), en dus ook in ’n mate op die rol van genl. Christiaan de Wet.

## 2. NESER SE ROL TYDENS EN HERINNERINGE AAN DIE REBELLIE

Nadat Japie Neser aan die begin van 1904 na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy hom aanvanklik op die plaas Driekuil in die OVS se Senekal-distrik gaan vestig, want rebelle-offisiere het toe nog steeds nie amnestie ontvang nie. In Augustus 1906 het die Kaapse parlement algemene amnestie aan alle rebelle toegestaan, en gevolglik het Neser toe vir twee jaar op die plaas Oorlogsfontein in die distrik Victoria-Wes gaan boer. Daarna het hy weer in die Vrystaat gaan boer. Hy is met Maria Elizabeth Delport (1893-1917) getroud, en uit dié huwelik is twee seuns gebore.[9]

Neser se lewe (en boerderybedrywighede) – soos dié van baie ander Suid-Afrikaners – is deur die internasionale gebeure van 1914, en die reaksie daarop in Suid-Afrika, ontwrig en verander. Nadat Gavrilo Princip op 28 Junie 1914 die Oostenryk-Hongaarse kroonprins, Franz Ferdinand, en sy vrou, Sophie, te Sarajevo vermoor het, het Oostenryk-Hongarye oorlog teen Serwië verklaar, waarna Europa se ander groot moondhede mekaar onderling die oorlog aangesê het. Teen die aand van 4 Augustus 1914 was die konflik, wat as ’n Balkan-oorlog begin het en vervolgens tot ’n kontinentale Europese oorlog geëskaleer het, duidelik ’n omvattende groot en (eerste volwaardige) wêreldoorlog, met duidelike slagordes: Oostenryk-Hongarye en Duitsland (sentrale moondhede) versus Brittanje, Frankryk en Rusland (Geallieerdes). Met verloop van tyd sou Turkye, Italië, die Verenigde State van Amerika, en talle ander lande ook tot dié globale stryd toetree.[10] Met Brittanje se oorlogsverklaring teen Duitsland op 4 Augustus, is die Britse kolonies en dominiums outomaties ook by die stryd betrek. Dominiums (soos die Unie van Suid-Afrika) kon wel self besluit in welke mate hulle aktief betrokke wou raak. In dominiums soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland was die oorheersend blanke bevolkings oorweldigend ten gunste van

9 Wessels (red.), p. 11.

10 Kyk in die algemeen bv. AJP Taylor (hoofred.), *History of World War I* (Londen: Octopus Books, 1974); H Strachan, *The First World War* (New York: Penquin, 2005); *The Times history of the war* 1-21 (Londen: The Times, 1915-1920); PG Kielmansegg, *Deutschland und der Erste Weltkrieg* (Stuttgart: Klett-Cota, 1980).

aktiewe militêre steun aan die Geallieerdes.[11] In Suid-Afrika het blankes weliswaar die politieke beheer gehad, maar ’n minderheid van die land se totale bevolking uitgemaak – en die blanke bevolkingsdeel was onderling verdeeld. Japie Neser was een van talle blankes in die Afrikaanssprekende deel van die bevolking wat, slegs twaalf jaar na afloop van die Anglo-Boereoorlog, nie ten gunste van militêre steun aan Brittanje was nie. In die heel eerste paragraaf van sy herinneringe aan die rebellie van 1914-1915, stel Neser dit as volg:

> “Toe deur die Botha-regering van destyds se besluit om Duits-Suidwes in te neem, deurgedruk is, teen die sin en wil van die Afrikanervolk[12] was ek woonagtig op die plaas Driehoek in Boshofdistrik (naby Dealesville). Ek het die volgende dag in die koerant gesien dat genl. Hertzog[13] sou terugkom na Bloemfontein. Ek het toe dadelik besluit om na Bloemfontein te gaan om die generaal te sien. By my aankoms is ek dadelik na die generaal se kantoor. Ek het hom gevra wat ons nou te doen staan, waarop hy sy skouers opgetrek het, en my gevra het wat ek aan die hand sou gee om te doen. Ek vra hom toe of ons nie dadelik vergaderings moes belê om die volk in te lig nie. Hy het egter verklaar dat dit onmoontlik was, want sodra ons dit doen, sal die regering krygswet proklameer.[14] Na

11 Vir hierdie lande se rol tydens die Eerste Wêreldoorlog, kyk bv. J Grey, *A military history of Australia* (3de uitgawe, Port Melbourne: Cambridge University Press, 2008), pp. 84-122; D Morton, *A military history of Canada* (Edmonton: Hurtig Publishers, 1985), pp. 130-172.

12 Suid-Afrika se heel eerste premier, genl. Louis Botha (1862-1919), was, net soos sy minister van verdediging en mede-strydros uit die Anglo-Boereoorlog, Jan Christian Smuts (1870-1950), van mening dat Suid-Afrika nie werklik ’n keuse gehad het anders as om aktief aan Britse kant deel te neem nie; trouens, dat dìt in belang van *alle* inwoners was en dat Suid-Afrika ’n ereplig teenoor die Britte gehad het om laasgenoemde te help. Die besluit om Duits-Suidwes-Afrika (DSWA) binne te val, is reeds in beginsel op 10 Augustus 1914 deur die kabinet geneem, maar is daarna indringend deur beide die Volksraad en Senaat in die parlement bespreek. Op 10 September 1914 het die Volksraad met 91 stemme teenoor 12 ten gunste van aktiewe deelname besluit en op 12 September het die Senaat met 24 stemme teenoor vyf dieselfde besluit geneem. Unie van Zuid Afrika [*sic*], *Notulen van de Volksraad. Vijfde en buitengewone zitting, eerste parlement, 9 tot 14 September, 1914* (Kaapstad: Cape Times, 1914), pp. 11-12; The Parliament of the Union of South Africa, *Minutes of proceedings of the Senate. From September the 9th, to September the 14th, 1914. Fifth and extraordinary session – first Parliament, 1914* (Kaapstad: Cape Times, 1915), pp. 8-9. Hoewel Botha die oorgrote aantal politici tot sy pro-Britse standpunt kon oorhaal, het die uitslag van die stemmery in die parlement nie noodwendig die gevoel van (veral Afrikaanssprekende blankes) op grondvlak verteenwoordig nie.

13 James Barry Munnik Hertzog (1866-1942), regsgeleerde (en generaal tydens die Anglo-Boereoorlog), was vanaf 1910 ’n lid van Botha se eerste kabinet, maar het met Botha (en Smuts en andere) gebots oor Suid-Afrika se verhouding met Brittanje; is in 1912 weggelaat uit die nuut saamgestelde kabinet en het in 1914 die leier van die nuut gestigte Nasionale Party (NP) geword. Hy was gekant teen die besluit om DSWA in te val, maar ook gekant teen gewapende rebellie. Kyk bv. JH le Roux *et al*. (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd* 1 (Johannesburg: Perskor, 1987), pp. 33-199; O Geyser en AH Marais (reds.), *Die Nasionale Party* 1: *Agtergrond, stigting en konsolidasie* (Pretoria: Academica, 1975), pp. 74-241.

14 Uiteindelik is krygswet op 12 Oktober landswyd afgekondig. Unie van Zuid-Afrika, U.G. 46-’16, pp. 25-26.

> ons ’n ruk besig was om oor dié dinge te gesels, kom Edwin Conroy[15] van Virginia af, ook om die generaal te sien.”[16]

Een van die frustrasies wat ’n navorser ervaar wanneer Neser se rebellie-herinneringe bestudeer word, is dat daar geen datums in die teks vermeld word nie. Wanneer iemand dus self ’n ego-dokument opstel, of wanneer ’n persoon iemand anders se herinneringe op band opneem of direk opteken, kan daar dus gerus moeite gedoen word om gebeure sover as moontlik te probeer dateer, ten einde waarde tot die teks toe te voeg. Deur ander verbandhoudende dokumente of boeke te raadpleeg, kan gebeure soms wel aan ’n bepaalde datum gekoppel word. Neser se herinneringe lees egter gemaklik (danksy sy kleinseun se styl en aanbiedingswyse).

Hertzog en Charles Gustav (Charlie) Fichardt (1870-1923) het in dié tyd naamlose dreigbriewe van regeringsondersteuners (Neser verwys na hulle as “Jingo’s”) ontvang dat hulle huise afgebrand sou word omdat hulle teen die beoogde inval in DSWA gestem het. Neser en andere het gevolglik hierdie huise bewaak. Tydens samesprekings met Hertzog en ’n aantal ander persone, het Neser voorgestel dat die Vrystaat in drie gebiede verdeel moes word en dat een van hulle na elk van dié areas moes reis om by die plaaslike offisiere van die Unie-Verdedigingsmagte (UVM)[17] uit te vind hoe hulle voel oor die regering se beoogde inval in DSWA. Gevolglik het Edwin Conroy die Oos-Vrystaat besoek, JA Haarhoff is na die Suid-Vrystaat, en Neser na die Noordwes-Vrystaat. Neser het talle persone te Dealesville, Boshof en Bultfontein besoek – waarvan die meeste reeds gekant was teen ’n veldtog in DSWA of deur Neser oortuig is om nie aan so ’n veldtog deel te neem nie.[18] Só het hy gehelp om die teelaarde vir rebellie te skep.

Neser het vervolgens eers na sy plaas teruggekeer omdat sy vrou ernstig siek was. Hy het haar na ’n hospitaal in Bloemfontein geneem waar sy ’n operasie ondergaan het.[19] Intussen het die gees van protes in sekere dele van die land gegroei – veral in die Noord-Vrystaat en in Wes-Transvaal; met ander woorde in daardie gebiede wat tydens die Anglo-Boereoorlog die swaarste onder die Britte se verskroeide-aarde-beleid

15 Edwin Alfred Conroy (1879-1947), Kaapse rebel tydens die Anglo-Boereoorlog; Vrystaatse Lid van die Provinsiale Raad; lei ’n kommando tydens die rebellie; later parlementslid. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (hierna *SABW*) 2 (Kaapstad: Tafelberg, 1972), pp. 143-144.

16 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (Bloemfontein), “Die rebellie 1914” (deel van die herinneringskrif van kmdt. JP Neser, soos opgeteken deur sy kleinseun, JP Neser), p. 76. Vervolgens hierna bloot verwys as die Neser-manuskrip.

17 UVM – Unie-Verdedigingsmagte (meervoud). Sedert die promulgering van die Suid-Afrikaanse Verdedigingswysigingswet in 1922 die Unie-Verdedigingsmag (enkelvoud); vanaf 1957 die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en vanaf 1994 die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW).

18 Neser-manuskrip, pp. 76-77. Vir meer inligting oor Charlie Fichardt, kyk bv. H Haasbroek, “Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 28(4), Desember 2012, pp. 49-82; *SABW* 3 (Kaapstad: Tafelberg, 1972), pp. 300-302.

19 Neser-manuskrip, p. 77. Sy vrou, wie se gesondheid ooglopend nie goed was nie, is op 10 Oktober 1917 oorlede.

gely het, waar die meeste verwoesting plaasgevind het en baie van die plaaslike burgerlikes in Britse interneringskampe gesterf het. Dit was ook daar waar van die felste guerrilla-weerstand tot aan die einde van die oorlog voortgewoed het.[20] Talle van dié guerrillas sou nou weer die wapen opneem. Neser beskryf die omstandighede omstreeks September 1914 as volg:

> "Die onweerswolke het toe al dreigend op die volk toegesak, en die tekens van die regering se optrede was toe reeds al baie duidelik. Kort daarna is genl. De la Rey doodgeskiet[21] en genl. De Wet het toe 'n paar vergaderings in Transvaal toegespreek, en ook in die Vrystaat,[22] waaruit duidelik geblyk het hoe ontevrede die volk was met die stap wat die regering van voorneme was om te doen. Ek was toe elke dag in aanraking met genl. Hertzog, sodat ek altyd op hoogte was met wat aangegaan het."[23]

Neser, wat 'n tyd lank in Bloemfontein in 'n losieshuis gebly het terwyl sy vrou in die hospitaal was, was 'n rebellie-verdagte en is deur speurders dopgehou.[24] Hy het (blykbaar op of ongeveer 31 Oktober) 'n boodskap van Hertzog ontvang om hom te kom spreek:

> "Toe ek die kantoor uitstap het Brebner[25] my vertel dat die generaal my gesoek het, en ek het toe aan hom vertel dat ek die generaal se boodskap ontvang het [...]. Net daarop kom genl. Hertzog in, en is ons die trappe op na sy kantoor toe. Regoor sy kantoor se deur het ek 'n ander kamertjie se deur ingegaan, waar hy my toe inneem en die deur toemaak. Hy sê toe vir my dat ons moet saggies praat want die dakke het ook ore. Hy sê toe vir my: 'Jaap, ek wil hê jy moet iets vir my doen. Ek het baie gedink om wie ek moet kry en my keuse het toe op jou geval. Jy moet my egter belowe dat jy die werk vir my sal doen.' Ek het toe verklaar dat ek dit sou doen, maar nie voordat ek seker was wat ek moes verrig vir hom nie. Hy sê toe aan my dat hy voel dat die rebellie op 'n mislukking sou uitloop, maar hy het ook gevoel dat hy by sy volk hoort. Terwyl hy met my gepraat het, het die trane oor sy wange gerol. Hy sê toe dat ek vir hom 'n stuk of ses ander man na genl. De Wet moes lei, wat dié

---

20 Kyk in die algemeen, F Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad: Human & Rousseau, 2001); A Wessels, *The Anglo-Boer War: white man's war, black man's war, traumatic war* (Bloemfontein: SunMedia, 2011).

21 Jacobus Herculaas (Koos) de la Rey (1847-1914) het op talle fronte en uiteindelik as guerrilla-bevelvoerder in Wes-Transvaal tydens die Anglo-Boereoorlog roem verwerf. Hy was gekant teen die veldtog in DSWA en het 'n protesveldtog gelei. Terwyl hy en genl. CF Beyers (kyk voetnoot 41, *infra*) die aand van 15 September 1914 per motor vanaf Pretoria na Potchefstroom onderweg was, is hy per ongeluk deur 'n polisieman doodgeskiet toe die Boeregeneraals nie by 'n padblokkade, wat opgestel is om die berugte Foster-bende vas te trek, stilgehou het nie. *SABW* 1 (Kaapstad: Tafelberg, 1968), pp. 223-227.

22 Christiaan Rudolph de Wet (1854-1922) het as guerrilla-bevelvoerder tydens die Anglo-Boereoorlog internasionaal roem verwerf. In die aanloop tot die rebellie het hy onder meer te Lichtenburg (21 September 1914) en Potchefstroom (2 Oktober) in die Transvaal en te Koppies in die Vrystaat (24 September en 13 en 22 Oktober) vergaderings toegespreek. *SABW* 1, pp. 243-250; Unie van Zuid-Afrika, U.G. 46-'16, p. 34; HS Webb, *Oorzaken van de rebellie* (Pretoria: Noordelike Drukpers Maatschappij, 1916), p. 48.

23 Neser-manuskrip, p. 77.

24 *Ibid*., pp. 77-78.

25 William John Cormack (Jack) Brebner (1866-1945) was staatsouditeur van die Vrystaat (1897-1900), lid van die regering-te-velde (1900-1902) en het vanaf 1910 as prokureur gepraktiseer. Hy was 'n Unie-senator (1910-1940) en baie goed bevriend met Hertzog. *SABW* 3, pp. 103-104.

> dag juis sy aantog uit Vrede met sy kommando onderneem het.[26] Hy het egter beveel dat ek moes sorg vir perde en saals en ek moes dit dan in die nabyheid of [*sic*] Bainsvlei[27] probeer versteek, en dan moes ek inkom en hulle kom haal. Ons sou dan met 'n motor tot by die perde moes ry. Jors Brand[28] se regeringsmense was toe te Tempe[29] gestasioneer. Ek sê toe aan genl. Hertzog dat ek gewillig was om dit te doen."[30]

Neser het sy vrou na haar ouers se plaas naby Marquard geneem en na Bloemfontein teruggekeer – waar hy weer eens 'n speurder gewaar het wat hom dophou. Vervolgens het hy perde en saals in die distrik versamel, maar wou so gou as moontlik uit Bloemfontein padgee omdat hy bevrees was dat die polisie hom in hegtenis sou neem. Saam met 'n taxibestuurder, genaamd Van der Walt, is Neser na Dealesville, waar hulle al die wapens en ammunisie wat op las van die regering by die plaaslike magistraat ingelewer is, gekonfiskeer het:[31]

> "Toe ons die nag in Dealesville kom het die horlosie net twaalfuur geslaan. Ek ry toe sommer na die magistraat se huis toe. Ek klop toe aan die deur wat hy, nog in sy nagklere, kom oopmaak. Hy vra toe vir my waar ek vandaan kom, en ek vertel toe dat ek van Bloemfontein af kom. 'Waar gaan jy heen?' vra hy. Ek sê toe dat ek net kom hoor het of die pad na my plaas toe veilig was. 'Wat bedoel jy by veilig?' vra hy. Ek sê toe dat ek wou weet dat ek my nie sou vasry in rebelle nie, want die storie het in Bloemfontein rondgelê dat daar by Soutpan 'n kommando rebelle staan. Hy sê toe dat hy daar niks van weet nie, hy sou dit geweet het as dit waar was, want die middag was daar juis mense van Soutpan by hom. Sover hy weet, was dit veilig. Ek vra toe vir hom of die mense fluks hulle wapens ingelewer het. 'Ja', sê hy, 'ek het al 'n klomp weggestuur na Bloemfontein en hier is weer 'n klomp wat ek wil wegstuur'.
>
> Ek vat hom toe op die skouer en sê dat ek dit wou hê. Hy skrik toe so dat hy dadelik die bewerasie het, en hy verklaar toe dat dit in die kantoor was. Ek vra hom toe die sleutel, maar hy sê toe dat hy dit nie kon doen nie. Ek sê egter dat ek dit wou hê. Hierop sê hy toe dat hy sou saamgaan om oop te sluit maar ek moes hom net kans gee om aan te trek. Ek roep toe vir Van der Walt van die motor af en beveel hom om voor die magistraat se slaapkamervenster te gaan staan om te kyk dat hy nie uitspring nie, terwyl ek maar in die deur bly staan het.

26 De Wet en sy ses seuns het van hul plaas in die Memel-distrik na Vrede gegaan om dié dorp op 28 Oktober 1914 te "beset". Dieselfde dag het hy 'n driftige toespraak op die dorp gehou, erken dat hy as *rebel* gepraat het en verklaar dat hy 'n vrye Suid-Afrikaanse Republiek wou daarstel. Van Vrede is De Wet na Reitz, waar hy Hertzog ontmoet het. MCE van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet: krygsman en volksman* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2007), pp. 267-270.

27 Gebied met hoewes net wes van Bloemfontein.

28 Georg Alfred Brand (1875-1922), seun van die Vrystaat se pres. Jan Brand, het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en in 1912 by die UVM aangesluit (word later 'n luitenant-generaal). In 1914 was hy distriksoffisier van Bloemfontein. Hy het De Wet ernstig teen rebellie gewaarsku. *SABW* 3, pp. 102-103.

29 Die groot militêre gebied net noordwes van en grensend aan Bloemfontein.

30 Neser-manuskrip, p. 78.

31 *Ibid*. Dit was veral die lede van die UVM se skietverenigings wat aanvanklik hul wapens en ammunisie moes inlewer, maar nadat krygswet landswyd afgekondig is, moes almal dit doen. In die Vrystaat alleen het nie minder nie as 202 skietverenigingoffisiere by die rebellemagte aangesluit. PR van der Merwe, *Die militêre geskiedenis van die Oranje-Vrystaat 1910-1920* (MA, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1987), pp. 39-40.

> Toe hy uitkom het ons na die kantoor gestap wat nie ver daarvandaan was nie. Van der Walt het toe met die motor voor die deur stilgehou, en ek het hom toe geroep en beveel om die gewere en patrone na die motor toe te dra en in te pak. Ek sê toe vir die magistraat om uit te kom en te gaan slaap. Toe hy die deur toesluit sê hy dat hy in 'n moeilike posisie [was] want hy weet nie waar ek met die gewere heen sou gaan nie, en ek [hy] moet die saak dadelik rapporteer. Ek sê dat hy sy plig moes doen, en ek sou probeer om myne te doen. Daarop is ek toe uit na my plaas toe. Ons het party van die gewere op my plaas weggesteek [...]."[32]

Neser, Van der Walt en vier ander mans (Roelf de Beer, Koos Jordaan, Kotie de Wet en Kotie Oosthuizen) het hierna te perd vertrek met die doel om by De Wet se rebellekommando aan te sluit. Neser was dus een van 'n relatief klein groepie Afrikaners wat vir 'n tweede keer in die bestek van 15 jaar gerebelleer het; mense wat nie veel respek vir konstitusionele gesag gehad het nie. Onderweg het ook Adam Bezuidenhout en Japie Brits by Neser se groep aangesluit. By veldk. Cilliers se plaas in die Bultfontein-distrik, het hulle kapt. Versveldt, 'n lid van die UVM, "krygsgevange" geneem en 29 perde (wat deur die UVM opgekommandeer is) "gebuit". 'n Dag of wat later het Neser vir kmdt. Jacobs ontmoet. 'n Woordewisseling het gevolg, want Neser het Jacobs beskuldig dat hy sy burgers beveel het om hul wapens in te handig.[33] Daarna het Neser en sy gevolg verder getrek:

> "Ons het die aand aan die oorkant van die Vetrivier op 'n plaas aangekom in die Hoopstad-distrik. Ek het die burgers 'n ent van die huis af met die perde laat vertoef, terwyl ek en Adam Bezuidenhout na die huis toe gery het. Voor die huis om was 'n ringmuur. Adam Bezuidenhout en ek het in die huis gegaan om te verneem hoedat die pad na Virginia gaan. Toe ons op die plaas van Edwin Conroy, [La] Riviera, aankom, ontmoet ek Conroy daar by die huis, en die middag het ons probeer om die brug op te blaas in Virginia.[34] Ons kon die brug nie veel beskadig omdat die dinamiet te min was. Die volgende dag is ons toe na genl. Bert Wessels se plaas waar die kommando's gestaan het.[35] Daar het ek toe genl. De Wet ontmoet. Na ek hom alles vertel het, het hy my gevra waar komdt. Jacobs en Chrisjan van Niekerk (tans senator)[36] was. Ek het hom toe vertel alles wat plaasgevind het ook tussen my en komdt. Jacobs. Die generaal was baie ontevrede. Hy sê toe aan my dat hy my aanstel as kommandant en ek moes toe 'n deel van Conroy en 'n deel van genl. Bert Wessels se kommando neem en Hoopstad-distrik mobiliseer. Ek sê toe aan hom dat ek nie kommandant wou wees nie, want die doel van my koms was om by sy kommando aan

32 Neser-manuskrip, pp. 79-80.

33 *Ibid*., pp. 80-81.

34 Conroy (kyk ook voetnoot 15, *supra*) het in 'n stadium saam met CF Beyers (kyk voetnoot 41, *infra*) geopereer, later na Griekwaland-Wes uitgewyk en is in Desember 1914 naby Campbell gevang. Hy was 'n Volksraadslid vanaf 1920-1943. *SABW* 2, pp. 143-144.

35 Bernardus Poortman (Bert) Wessels (geb. 1858) het as lid van die Ventersburg-kommando aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem totdat hy op 23 Februarie 1900 gewond en gevang is. Vgl. J Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: J.P. van der Walt, 1990), pp. 148-149. Bert Wessels en Edwin Conroy het Ventersburg op 26 Oktober 1914 ingeneem. Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet*, p. 267.

36 Christiaan Andries van Niekerk (1874-1966) het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en as kommandant van die Vredefort-kommando te Vereeniging téén die aanvaarding van die vredesvoorwaardes gestem. Volksraadslid vanaf 1912, lid van die NP, simpatiek teenoor die rebellie, maar rebelleer nie self nie. Senator vanaf 1924, en president van die senaat, 1930-1940 en 1948-1960. *SABW* 4 (Durban: Butterworth, 1981), pp. 740-741.

> te sluit waar ek as privaat burger sou dien. Hy sê toe: ‘Kyk, ek ken jou; [37] hulle het my opgesaal en ek saal jou nou op. Dit help nie om teë te praat nie.’”[38]

Neser, Conroy en nog ’n aantal rebelle het sonder enige sukses mans in die Hoopstad-distrik as rebelle probeer werf. Te Witpan het hulle met ’n UVM-kolonne onder aanvoering van kmdt. Schalk Pypers gebots en laasgenoemde verdryf. Neser-hulle is na Bothaville en toe na Hoopstad. Net noord van Bultfontein het ’n regeringsmag (Neser verwys na hulle as “witbande”) probeer om hulle te omsingel.[39] Daar het ook ’n ander groep nader gery:

> “Dit was toe komdt. Barend Cilliers[40] van Vredefort met ongeveer 70 man. Hy vra my toe waar die regeringsmense was. Ek sê hom toe dat hulle daardie lang rant in beslag geneem het, en wys toe in die rigting van die rant. Onderwyl ek terugry na my ou posisie en omkyk toe sien ek dat komdt. Cilliers agter my teen ’n bult reguit na die rant trek. Ek kon dit nie begryp nie, en meen toe dat daar ’n misverstand tussen hom en my was. Komdt. Cilliers ry toe reguit tussen die regeringsmense in en het hulle met die hand gegroet. Terwyl hulle besig was om mekaar te groet, knal daar ’n skoot van die regeringsmense se kant af. Cilliers en sy mense spring toe op hulle perde en jaag terug. Op dieselfde oomblik het genl. Beyers met sy mense aangekom.[41] Dié storm toe ’n klein rantjie links van my posisie. Daar het toe ’n harde geveggie plaasgevind tussen Beyers en die regeringsmense wat agter Cilliers aangestorm het. Daar het Van Doornik, ’n Hollander (wat in die Boere-Engelse oorlog ’n sekretaris van Louis Wessels was) gesneuwel.[42] Toe moes genl. Beyers retireer, want die vyande was vir hom te veel. Onderwyl die regeringsmense genl. Beyers aanval, het die koeëls ook op my posisie gereën, daar Beyers se mense tussen die regeringsmense en

---

37 Tydens die Anglo-Boereoorlog het Neser by ’n paar geleenthede vir De Wet ontmoet. Kyk bv. Wessels (red.), pp. 29, 56, 60.

38 Neser-manuskrip, p. 83.

39 *Ibid*., pp. 83-84. Neser misgis hom met waar die geveg van 16 November 1914 plaasgevind het, want in werklikheid het dit *wes* en nie noord van Bultfontein plaasgevind – op die plase Doornpan en Verhelsleegte. (Kyk bv. Unie van Zuid-Afrika, U.G. 42-’16, p. 267.) Sommige regeringsoldate het wit bande om hul hoede gedraai ten einde hul van die rebelle te onderskei. Sommige rebelle het dieselfde gedoen; iets wat tot verwarring en die dood van ’n aantal rebelle gelei het. (Inligting verskaf deur prof. Andries Raath, 13 Augustus 2014.) Schalk W Pypers het tydens die Anglo-Boereoorlog as guerrilla-vegter in die Kaapkolonie geopereer; later as waarnemende kommandant. (Malan, pp. 118-119.)

40 Barend Cilliers (1866-1947) het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem, vanaf 1901 as kommandant. Nadat hy in 1902 ’n vyfde keer gewond is, is hy gevange geneem. Tydens die rebellie het hy Kroonstad se rebellekommando aangevoer en is op 8 Desember 1914 gevang. Hy was lid van die Vrystaatse Provinsiale Raad vir Vredefort vanaf 1920, en senator vanaf 1935-1947. *SABW* 3, pp. 154-155.

41 Christiaan Frederik Beyers (1869-1914) was ’n guerrilla-bevelvoerder tydens die Anglo-Boereoorlog. Toe die UVM in 1912 tot stand gekom het, het hy die kommandant-generaal van die Aktiewe Burgermag geword. Hy was gekant teen die beoogde inval in DSWA, het uit die UVM bedank en met verloop van tyd as rebel te velde bevel gevoer. Hy het aan ’n hartaanval beswyk terwyl hy deur die Vaalrivier geswem het in ’n poging om regeringsmagte te ontwyk. *SABW* 3, pp. 66-69.

42 H van Doornik het tydens die Anglo-Boereoorlog onder meer in die Kaapkolonie geveg, byvoorbeeld as lid van kmdt. Louis B Wessels se kommando. Na die oorlog het hy na Nederland gegaan, maar later na Suid-Afrika teruggekeer. Saam met A de Wet en GC du Plessis was hy die mede-outeur van die boek *Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England* (München: Lehmanns, *s.a.*)

> my posisie was. Kort voor die geveg begin het, het ek my perd, waarop ek die hele nag gesit het, met Piet Ebersohn teruggestuur na die laer om vir my ’n ander perd te bring. Toe Beyers se mense, met die regeringsmense op hulle hakke, by my verbykom, toe kom Piet Ebersohn met my vars perd by my aan. Ons moes toe ook agter Beyers aan padgee. Toe ek by genl. Wolmarans[43] kom, ontmoet ek nog net een van sy kommandante (komdt. Naudé) met slegs ’n paar burgers by hom wat toe ook net begin opklim het op hulle perde om te vlug. Toe is ek na Conroy se posisie, waar hy nog gesukkel het om sy burgers te beheer maar daar nie in kon slaag nie.”[44]

Die rebelle, van twee kante deur UVM-magte aangeval, het noodgedwonge die aftog geblaas. Hulle het vervolgens, steeds agtervolg deur regeringsmagte, op 20 November 1914 te Leeukrans deur die Vaalrivier getrek – in totaal ongeveer 80 rebelle. Hulle het wes van Wolmaransstad verbygetrek en weer met regeringsmagte gebots.[45] Kort daarna het hulle genl. De Wet ontmoet, nadat hy (De Wet) intussen op 8 November 1914 te Doornberg, tussen Lindley en Winburg, die eerste keer met regeringsmagte gebots het. Sy seun, Danie, was onder die rebelle wat dodelik gewond is. De Wet het toe ook op 12 November na Mushroom Valley, sowat 50 km suidoos vanaf Winburg en 100 km noordoos vanaf Bloemfontein beweeg, waar hy ’n verpletterende neerlaag gely het. Ongevallesyfers wissel, maar te Mushroom Valley is ten minste ses UVM-lede dood en 20 gewond, terwyl die rebelleverliese op 22 dood en 255 gevang (insluitende ’n aantal gewondes), te staan gekom het. Ongeveer 100 rebelle-waens is gebuit. Interessant genoeg het die regeringsmagte ook 27 swart persone te Mushroom Valley gevang – waarskynlik agterryers aan die rebellekant. De Wet het met tussen 1 000 en 2 000 man ontsnap – daar bestaan meningsverskille oor presies hoeveel rebelle De Wet onder sy bevel gehad het.[46]

> “Terwyl ek met my kommandotjie op die plaas Vleeskraal ten noordweste van Wolmaransstad vertoef het, het daar die middag [23 November 1914] laat ’n seun met ’n fiets by my aangekom met ’n boodskap dat genl. De Wet daar digby op ’n plaas was en dat hy my wou sien. Ek het toe ’n paar man geneem en na die plaas toe oorgery. Toe ons die plaas in sig kry, het ek gesien dat ’n klompie perderuiters die plaashuis nader vanuit die rigting van Wolmaransstad. Toe ons by die plaas kom, het ek uitgevind dat dit ’n klompie

---

43 Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans (geb. 1876) het vroeër ook aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem. Malan, p. 177.

44 Neser-manuskrip, pp. 84-85. Hierdie geveg kon te Zandspruit plaasgevind het, maar Neser se herinneringe is (40 jaar nadat die gebeure plaasgevind het) ietwat onduidelik en selfs verwarrend. Soos in voetnoot 39 hierbo aangedui, was die aanvanklike geveg op 16 November te Doornpan en Verhelsleegte. Die geveg waarna nou verwys word, kon tydens die agtervolging (te Zandspruit?) plaasgevind het, maar die moontlikheid bestaan dat Neser steeds na die hoofgeveg (van 16 November) verwys.

45 *Ibid*., pp. 85-86. Kyk ook H Oost, *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, [1956]), p. 328.

46 GD Scholtz, *Die rebellie 1914-1915* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2013), pp. 174-175; Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet*, pp. 272-275; *The Friend*, 13 November 1914, p. 5; PJ Sampson, *The capture of De Wet: the South African rebellion of 1914* (Londen: Edward Arnold, 1915), pp. 171-172; Van der Merwe, pp. 102-103, 105.

perderuiters was (Transvalers) wat mnr. Harm Oost[47] die vorige dag gekry het. Hulle het hom na genl. De Wet gebring. Oost se perd is die vorige dag onder hom doodgeskiet. Hy was een van die vier burgers wat by genl. De Wet was. In dieselfde skermutseling is Frans Mentz, 'n skoonseun van genl. De Wet, swaar gewond.[48] Genl. De Wet verneem toe waar my kommando staan, en ek het hom toe beduie waar my kommando gelaer was. Hy vra my toe wat my planne was en waarheen ek wou gaan. Ek wou na Duits-Wes gaan en het hom dit dan ook vertel. Hy vertel my toe dat dit ook sy plan was. Genl. De Wet het toe die aand by my kommando gekom.

Die volgende oggend, nog taamlik vroeg, het twee regeringskommando's op ons afgekom en ons die hele dag deur gejaag soos vir springbokke. So het dit 'n hele paar dae voortgeduur dat hulle ons agtervolg. In die distrik van Vryburg het ons toe op die plaas van mnr. Frans Mentz, 'n swaer van die generaal, aangekom. Die generaal wou toe daar aangaan om hom te sien. Terwyl ons daar afgesaal was, het my spioene van agter aangekom en gerapporteer dat die vyand weer op ons hakke was, sodat ons die wyk moes neem. Ek het dadelik laat opsaal en genl. De Wet, wat by mnr. Mentz in die huis was, kennis gegee. Ek het my kommandotjie agter 'n streep bosse laat oortrek in die rigting van Soutpan waar 'n winkel en poskantoor was. Genl. De Wet sê toe aan my dat hy eers onder by sy swaer se seun wou aanry om hulle te groet en ek moes hom vergesel."[49]

Maar, weer eens, is hul weg deur 'n UVM-kolonne versper: "Toe kom genl. De Wet by ons aan en vra waarom ons nie verder vooruittrek nie. Ek vestig toe sy aandag op die vyande op die kop wat besig was om skanse te pak, en dat hulle binnekort op ons sou skiet. Genl. De Wet sê toe aan my dat dit veldk. Hendrik Hymans se mense was en dat hulle nie 'n skoot op ons sou skiet nie. 'My ou swaer het my die versekering gegee dat hulle nie 'n skoot op ons sou skiet nie', het hy verklaar terwyl hy in die rigting van die vyandelike magte geblik het. Hy het daarop aangedring dat ons moet vorentoe trek. Ek het beslis geweier en aan die generaal gesê dat ons lank genoeg springbokke was en dat ek aan hulle skanspakkery kon sien dat hulle van plan was om ons binnekort onder die lood te steek, wat binne enkele oomblikke daarna dan ook gebeur het. Ek het dit moeilik gevind om teen die wil van genl. De Wet te handel, maar weens omstandighede moes ek dit noodgedwonge doen."[50]

47 Harm Oost (1877-1964), 'n Nederlander wat onderwys in die ZAR gaan gee het. Hy het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem (gevang 1900); later na Transvaal teruggekeer, en joernalis en koerantredakteur geword. Tydens die rebellie was hy De Wet se sekretaris en hoof van De Wet se lyfwag. Later was hy onder meer weer koerantredakteur, politikus, en outeur van *Wie is die skuldiges?* Kyk lg. bron, asook *SABW* 4, pp. 448-449.

48 Neser verwar De Wet se skoonseun en swaer, maar ander geraadpleegde bronne verskaf ook teenstrydige inligting. Volgens Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet*, p. 276, is De Wet se skoonseun, Albert Mentz, op 21 November tydens 'n geveg by die Vaalrivier gewond en gevang. De Wet se swaer, Frans Mentz, was 'n rebelle-kommandant. Die geveg het blykbaar egter op die plaas Kareeboschkuil, anderkant Leeuwdoorns, plaasgevind en Frans Mentz is gewond. Kyk bv. Oost, pp. 308-310.

49 Neser-manuskrip, p. 86. Kyk ook Oost, pp. 265, 323-324.

50 Neser-manuskrip, p. 87. Die geveg teen Hymans se troepe het op 27 November 1914 plaasgevind, kort nadat De Wet, Neser en hul metgeselle die spoorlyn te Devondale, ongeveer 29 km noord van Vryburg, oorgesteek het. Oost, p. 329.

’n Hewige geveg het gevolg, wat tot die aand geduur het. Twee UVM-soldate het in die loop van die geveg na die rebelle oorgery en by hulle aangesluit.[51] Die rebelle het verder getrek, maar daar was geen oorhoofse strategie of koördinering tussen die onderskeie rebelle-eenhede nie. Die 60-jaar oue De Wet van die rebellie was uiteraard ook nie meer die 45-47-jaar oue De Wet van die Anglo-Boereoorlog nie, soos duidelik blyk uit Neser se herinneringe:

> “Toe ons daar wegtrek, het die generaal sommer ’n ander koers ingeslaan. Die rigting wat hy my die aand gewys het, was noordwes. Die rigting waarin ons sou getrek het, was suidwes en daarom het ek hom gevra of hy dan van plan verander het omdat die koers wat ons nou ingeslaan het nie ooreengestem het met die wat hy my die aand aangetoon het voordat ons gaan rus het. Ek vertel toe aan die generaal dat hy verdwaal het, en wys hom toe die noordwestelike rigting wat hy my voorheen aangetoon het. Ek sê toe dat hy my moes volg en wys hom toe ’n ster in die hemelruim en verduidelik toe aan hom dat dit die rigting was waarin ons moes trek. Hy het toe ongeveer 50 treë met sy vier man met my saamgery en toe draai hy skielik dwars van my af weg in ’n suidwestelike rigting en sê dat ek verkeerd was en hom moes volg. “Nee, generaal, ek volg jou nie. Jy is verdwaal’, het ek gesê, en het toe maar my rigting gevolg. Uiteindelik het hy teruggekom en weer so ’n entjie saamgery. Genl. De Wet het hierdie proses [met ander woord om blykbaar te verdwaal] minstens vier keer herhaal. Dié môre teen dagbreek het ek twee patrollies aan die weerskante van die kommando uitgestuur om te kyk of hulle nie vir ons perde op plase in die hande kon kry nie.”[52]

’n Gebrek aan perde – soos ook aan voldoende wapens en ammunisie – was deurgaans vir talle rebellekommando’s ’n groot probleem. Die UVM-magte het ook van perde gebruik gemaak, maar hulle het ook oor verskeie motorvoertuie beskik wat hulle vinnig oor lang afstande kon vervoer. Die rebelle het die omgewing geken, maar die regeringsmagte het dit net so goed geken. Boonop was die UVM in beheer van die spoorwegnetwerk en kon dus ook langs dié weg groot getalle soldate vinnig oor lang afstande ontplooi en kon, waar nodig, suksesvol teen die swak rebellekommando’s optree. Wanneer die rebelle spoorlyne beskadig het, is dit gou herstel. Genl. Louis Botha het persoonlik die teen-rebelleveldtog in die Vrystaat gelei, want hy wou De Wet – die mees vooraanstaande rebelleleier – so gou as moontlik uitskakel. Met Manie Maritz, wat vroeër reeds gerebelleer en na die Duitsers oorgeloop het, Kemp wat weswaarts deur die Kalahari getrek het om ook na DSWA te gaan, en nou ook De Wet wat in daardie rigting beweeg het, is die UVM se taak vergemaklik. UVM-magte het die rebelle weswaarts aangejaag, terwyl ander rebellekommando’s wat nog in die Vrystaat

51 Neser-manuskrip, p. 87.

52 *Ibid*., p. 88. Neser skep die indruk dat De Wet telkens verdwaal het en dat hy (Neser) die rebellekommando op koers gehou het. Dit moet uiteraard in gedagte gehou word dat die terrein noord van Vryburg plat, bebos en sanderig is, met min of geen uitstaande punte, en dat ’n mens dus maklik kan verdwaal. De Wet se ouderdom moet ook in ag geneem word, soos ook die feit dat hy in die periode 22 November tot 1 Desember 1914 deur verskeie goedtoegeruste regeringskolonnes oor ’n afstand van ongeveer 370 km gejaag is. Maar verder is daar die vraag in welke mate De Wet inderdaad saam met Neser-hulle wou trek, of eerder van hulle ontslae wou raak. Volgens Oost, p. 329, wou De Wet met net ’n klein groepie rebelle na DSWA trek – en is die implikasie dat hy dalk nie daarvan gehou het dat Neser en ’n klomp ander rebelle by hom was nie.

en Transvaal geopereer het, redelik maklik omsingel en tot oorgawe gedwing kon word – byvoorbeeld toe die rebellemag van Nicolaas W Serfontein, Wessel Wessels en DH van Coller te Langberg, tussen Bethlehem en Reitz, deur UVM-magte omsingel en hulle almal op 8 Desember oorgegee het. Daarmee was die rebellie in die Vrystaat iets van die verlede.[53]

De Wet, vergesel deur Neser en andere, het naby Piet de Wet (1861-1929; broer van die generaal, wat homself tydens die Anglo-Boereoorlog vrywillig aan die Britte oorgegee het en met verloop van tyd aktief téén die Boere opgetree het)[54] se plaas verbygetrek – en sy (Piet de Wet) se perde "geneem". Die rebelle moes aan die beweeg bly "daar ons bang was dat die motorkarre ons daar langs die pad kon betrap".[55] Soms het die rebelle wel die gemotoriseerde UVM-magte in die stof laat byt:

> "Terwyl ons daar afgesaal was, het veldkornet Andries Cronjé [...] ons ingehaal, swaar belaai met patroonbande, ook om die perde se nekke was hulle gehang. Hulle het dié oggend op nege motorkarre afgekom wat êrens stilgehou het. Cronjé het 'n witvlag na hulle gestuur met 'n rapport om te sê dat hulle omsingel is deur genl. De Wet en dat hulle moes oorgee, wat hulle dan ook dadelik gedoen het. Die regeringskarre was vol ammunisie gelaai. Daarop het Cronjé en sy manskappe die regeringsmense ontwapen en die bande van die motorkarre stukkend gesteek."[56]

Bogenoemde voorval was egter die uitsondering eerder as die reël, want:

> "die regeringsmense [het] met hulle motorkarre oor die bosbult gejaag waar ons net kort vantevore met ons perde afgery het, omtrent 800 treë van ons af. Daar die wêreld daar nog erg sanderig was, moes die motorkarre in laagste versnelling ry. Ons moes toe in alle haas perde vang en opsaal. Toe die motorkarre omtrent 200 treë van ons af was, moes hulle met twee flanke om ons beweeg om ons te omsingel. Toe ons ons perde bestyg, sê genl. De Wet dat ons ons moes haas sodat ons oor die pad kon gaan voordat die regterkantse flank van die motors ons sou bereik. Ek sê toe aan hom dat daar geen pad was nie en die motors deur die veld gery het. Genl. De Wet wou nie glo dat die karre oor die veld in die sand kon ry nie en hy het gesê dat ons dadelik oor die pad moes trek. (Hy het gemeen dat die karre in 'n pad gery het.) [...]
>
> Daarvandaan was die karre op ons hakke, terwyl die grootste deel van ons kommando links van ons met die vlakte op gevlug het, met die linkerhandse flank van die karre weer op hulle hakke. Voor die regterhandse flank het 'n groot motor gery met die ander karre wat in 'n lang streep op sy spore gevolg het. Genl. De Wet en ek was met omtrent vyftien man reg voor hierdie karre. Die voorste motor was omtrent 150 treë agter ons en so het hulle ons oor die vlaktes gejaag vanaf omtrent sewe uur daardie oggend [Sondag 29 November 1914] tot omtrent twaalf uur daardie dag, toe ons 'n groot streep bosse genader het."[57]

Die gemotoriseerde UVM-eenhede het die rebelle meedoënloos bly agtervolg. Die rebelle en hulle perde het ingegee; die hitte van die Noordwes-Kaap was

53 Scholtz, p. 189; Unie van Zuid-Afrika, UG 46-'16, pp. 55-61; *SABW* 5 (Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987), p. 934.

54 *SABW* 2, pp. 195-197. Piet de Wet het in die Lindley-distrik geboer.

55 Neser-manuskrip, p. 88.

56 *Ibid*., p. 90. Kyk ook Oost, p. 329. Volgens lg. bron was daar ses, nie nege, motorkarre nie. Cronjé was een van Neser se offisiere.

57 Neser-manuskrip, pp. 90-91. Kyk ook Oost, pp. 329-330.

uitmergelend, en water was skaars. Neser se adjudant, Roelf de Beer, het gevra dat hulle hom moes agterlaat, "want hy het nie meer kans gesien om saam te gaan nie, 'of skiet my liewer maar dood', het hy gesê."[58] Sy makkers het hom egter saamgesleep. Hulle het by die hartbeeshuisie van twee jagters, Piet Jacobs en Jonathan Fourie, uitgekom – waar hulle ook water gekry het. Jacobs en Fourie het daarop aangedring om, terwyl die rebelle uitgerus het, goeie perde te gaan haal. Intussen het De Wet en 'n ander groep rebelle soms saam en soms los van Neser en sy groep rebelle voortgestrompel: "Genl. De Wet was daardie nag heeltemal uitgeput en het elke keer aan die mense beveel dat hulle eers so 'n rukkie moes rus. Uiteindelik het hulle by die huis van 'n sekere Kloppers uitgekom waar die hond geblaf het. Genl. De Wet was so uitgeput dat hy nie die water kon inhou wat die mense hom aangebied het nie, maar nadat hy melk gedrink het, het hy tog daarin geslaag om die water in te hou."[59]

Fourie het alleen – en sonder enige addisionele perde – na die rebelle-laer teruggekeer. Neser het Fourie herhaaldelik gevra of dit veilig was om daar laer te trek: "Terwyl hy [Fourie] sit en eet het ek hom omtrent vier keer gevra of ek sy woord kan neem of dit veilig was vir ons, wat hy toe met 'n eed bevestig het."[60] Die volgende oggend, Dinsdag, 1 Desember 1914, kort voor sonsopkoms, het dit geblyk dat 'n UVM-kolonne intussen op die rebelle-laer afgepeil het en "dat die Kakies tussen ons en ons perde is en dat hulle 'n klomp van ons manskappe gevange geneem het".[61] Dit is betekenisvol dat Neser hier, amper teen die einde van sy 1914-rebellie-herinneringe, sy 1914-vyande (mede-Suid-Afrikaners) gelykstel met sy Engelse/Britse (Kakie-) vyande van die Anglo-Boereoorlog. "Genl. De Wet skreeu toe dat daar verraad gepleeg is en dat ons moet uitjaag. Ek vra toe aan hom waar hy wou uitja, want ons was deur die Engelse omsingel."[62]

Só het De Wet, Neser en hul groepie oorblywende bedremmelde volgelinge se rebellie sonder glorie op Dinsdag, 1 Desember 1914, te Waterbury, sowat 24 km vanaf die Moloporivier in die Kuruman-distrik, geëindig:

> "Die regeringsmense sê toe aan hierdie groepie burgers dat hulle omsingel was en dat hulle moes oorgee. Een van die manne wat platgeval het, Piet Ebersohn, spring toe op en kom na my toe aangehardloop en vra my of ons moes skiet. Ek sê toe nee, hulle moet terugkom tot by genl. De Wet en ek ry toe terug tot waar die generaal op my wag. Ek het toe besef dat dit slegs bloedverlies sou afgee om te skiet, dog nieteenstaande dit vra ek tog vir genl. De Wet of ons moet skiet.

---

58 Neser-manuskrip, p. 92. Kyk ook Oost, pp. 337-338.

59 Neser-manuskrip, p. 93. Kyk ook Oost, pp. 333-335, 342.

60 Neser-manuskrip, p. 94. Kyk ook Oost, pp. 338-339.

61 Neser-manuskrip, p. 94. De Wet en sy rebelle (insluitende Neser) is etlike dae lank deur 'n UVM-mag van ongeveer 4 000 man, onder bevel van kol. CJ (Coen) Brits, agtervolg. Kyk ook voetnoot 65.

62 Neser-manuskrip, p. 95. Terminologie uit die Anglo-Boereoorlog word ook in sommige ander tydgenootlike bronne oor die rebellie gebruik. Kyk bv. die woord "kakies" in SPE Boshoff, *Rebellie-sketse uit mij dagboek, 1914-1915* (Amsterdam: J.H. de Bussy, 1918), p. 65.

> Die generaal was ook van mening dat ons moes oorgee, waarop ons vier toe afklim van ons perde. (Genl. De Wet, Harm Oost, Roelf de Beer en J. Neser.) Intussen was dit al helder lig en ons kon sien hoedat kolonel Jordaan[63] met sy hele gevolg agter hom aan in ons rigting aangestap kom en skree vir ons om oor te gee. Ons hendsop egter nie en toe Jordaan naby ons kom, sê hy: 'Môre Generaal.' Genl. De Wet: 'Môre. En goddank dit is nie die vyand wat my vang nie, maar my eie mense.' Toe beveel Jordaan genl. De Wet om sy rewolwer af te haal en daarna ook vir Oost. Hy keer hom na my toe met dieselfde bevel en neem Roelf de Beer se geweer van hom af.
>
> Intussen het die vyand van alle kant op ons afgestorm en rondom ons posisie ingeneem, met die twee verraaiers, Jacobs en Fourie, tussen hulle. Uit die vyand se mond het ons dié dag verneem dat Jacobs en Fourie hulle na ons posisie gelei het. Fourie het daardie aand wat hy voorgegee het dat hy kom kos haal, slegs kom spioen of ons laer nog daar gestaan het." [64]

Neser was vasbeslote om so gou as moontlik te ontsnap, maar van dié voorneme het niks gekom nie. Die gevange rebelle is eers te perd en vervolgens met motorkarre na Morokweng vervoer, waar hulle oornag het. Die volgende oggend, "kort na sonop het genl. Coen Brits[65] daar ingekom met 'Môre Chrisjan! Man, kan jy nie op jou tien vingers aftel dat julle nie kan slaag nie!' sê hy vir genl. De Wet. 'Ek weet nie waarom julle so 'n dwase ding kon aanvang nie.' Genl. De Wet sê toe vir hom: 'Ek het nog nooit probeer om andermanslandpale te versit soos julle nou besig is om te doen nie.' Daarop het daar 'n hele woordewisseling tussen die generaal en Coen Brits plaasgevind. Ek sê toe aan Coen Brits dat hulle die arme seuns wat in die konsentrasiekampe op hulle moeders se skoot grootgeword het, vir hulle vuil werk gebruik. 'Stil, ek praat nie met jou nie!', het hy my toegesnou. Ek sê toe vir hom dat ek dit darem onder sy aandag wou bring, want dit het vir my gelyk asof hulle dit vergeet het."[66]

Die rebelle is vervolgens met motors en vragmotors na Vryburg geneem, waar De Wet in 'n hotel aangehou is, terwyl Neser en die ander rebelle in die

---

63 Lt.-kol. JF (Jorrie) Jordaan, wat deel was van Brits se mag, het met ongeveer 80 berede soldate, De Wet se vlugtelingkommando (van ongeveer 50 rebelle) voorgekeer en sonder weerstand gevange geneem. Hoewel De Wet en andere die UVM se gebruik van motorvoertuie as 'n belangrike rede vir hulle gevangeneming voorgehou het, is dit ironies dat die rebelle uiteindelik deur 'n *berede* kolonne ingehaal en tot oorgawe gedwing is. Brits se motorkarre moes na Morokweng uitwyk omdat hulle as gevolg van die sand nie verder kon nie, en boonop 'n tekort aan brandstof ondervind het. Wat betref De Wet se gevangeneming, kyk ook Oost, pp. 344-348; *The Friend*, 3 Desember 1914, pp. 5, 7; Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet*, pp. 275-278; Sampson, pp. 195-205; Van der Merwe, p. 104.

64 Neser-manuskrip, p. 95.

65 Coenraad Jacobus (Coen) Brits (1868-1932) het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en as veggeneraal veral tydens die guerrilla-fase uitgeblink. Toe die UVM aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog gemobiliseer is, het hy aan Botha gevra teen wie hulle sou veg: die Duitsers of die Engelse?! Nadat hy gehelp het met die onderdrukking van die rebellie, het hy in DSWA en toe ook in Duits-Oos-Afrika geveg. Hy het in 1925 as 'n luitenant-generaal in die UVM afgetree. *SABW* 3, pp. 109-110; E Paice, *Tip and run: the untold tragedy of the Great War in Africa* (Londen: Weidenfeld & Nicolson, 2007), p. 126.

66 Neser-manuskrip, p. 97.

tronk moes oornag – Neser alleen in ’n sel. Die volgende oggend “kom daar vier van die offisiere by my sel in en staan my ’n rukkie en beskou. ’n Mens sou sê ek was ’n oerdier wat hulle nog nooit tevore gesien het nie.”[67] En toe, “omtrent tien uur daardie môre het die regeringsmense vir my en Oost na die stasie geneem waar toe ’n trein klaar gestaan het om ons na Johannesburg na die fort te vervoer. Die trein het bestaan uit net die lokomotief met ’n saloon [*sic*; passasierswa en/of eetsalon(wa)] daaraan gehaak. Genl. De Wet was toe alreeds daarin met ’n paar van die offisiere by hom in die voorste gedeelte van die saloon, terwyl Oost en ek in die agterste gedeelte in ’n kompartement geplaas is. Teenoor ons het ’n Kakie op die sitplek gesit met ’n geweer in die hand, en in die deur het ’n ander wag gestaan, ook bewapen met ’n geweer. Net voordat die trein sou vertrek, kom daar ’n offisier na die wag wat in die deur staan en vra hom of sy geweer ordentlik gelaai was. Hy knik instemmend en sê dat sy magasyn vol patrone was. Die offisier neem toe die geweer uit die wag se hand, stoot ’n patroon in die loop en gee dit aan hom terug met die woorde: ‘As een van die prisoniers beweeg om te ontsnap, dan skiet julle en skiet raak.’

Die trein is toe op pad na Mafeking [vandag Mahikeng]. Toe die trein op die stasie stilhou, was die hele platform vol nuuskieriges. Almal het by die venstertjies uitgeloer om te sien hoedat die krygsgevangenes lyk.”[68]

Die rebelle is tot by Johannesburg se hoofstasie (Parkstasie) geneem, van waar hulle na die Fort geneem is. Hierdie fortifikasie was een van vyf forte wat deur die ZAR na afloop van die Jameson-inval van einde Desember 1895/begin Januarie 1896 opgerig is, vier rondom Pretoria en een aan die (destydse) buitewyke van Johannesburg. Die Johannesburgse Fort is na die oorlog as gevangenis gebruik en is vandag die tuiste van Suid-Afrika se Konstitusionele Hof.[69] De Wet is eerste en alleen na die Fort geneem en later ook Neser en sy mede-rebelle (of “burgers”, soos wat Neser deurgaans na hulle verwys). Hulle was aanvanklik nie bewus dat De Wet ook daar aangehou is nie. “Dié aand het ons eers uitgevind dat genl. De Wet ook daar was toe ons hom hoor godsdiens hou in een van die selle op die boonste verdieping.”[70]

Met verloop van tyd is die Vrystaatse rebelle na Bloemfontein vervoer (Februarie 1915) waar hulle verhoor en – diegene wat skuldig bevind is – gevonnis is; meesal in Junie 1915. Neser het skuldig gepleit en is op 9 Oktober 1915 tot 18 maande gevangenisstraf gevonnis (die redes vir die latere datum word nie in die geraadpleegde bronne vermeld nie). De Wet is vroeër tot ses jaar gevangenisstraf

67 *Ibid*.

68 *Ibid*., p. 98. Wat die gevange rebelle se tog vanaf Waterbury na Johannesburg betref, kyk ook Oost, pp. 191-192.

69 J Ploeger en HJ Botha, *Die fortifikasie van Pretoria: Fort Klapperkop – gister en vandag* (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1968); B Law-Viljoen (red.), *Light on a hill: building the Constitutional Court of South Africa* (Parkwood: David Krut Publishing, [2006]).

70 Neser-manuskrip, p. 99.

en 'n boete van £2 000 gevonnis.[71] Diegene wat tronkstraf opgelê is, is toe teruggestuur na die Johannesburgse Fort om hul straf uit te dien. Geeneen van die rebelle het egter hul volle tronkstraf uitgedien nie, want voor die einde van 1916 is almal op parool vrygelaat. Neser is saam met De Wet op 21 Desember 1915 vrygelaat, op voorwaarde dat hulle in hul tuisdistrikte sou bly en aan geen politieke bedrywighede sou deelneem nie. De Wet het na sy plaas Allanvale in die Memel-distrik teruggekeer, en Neser na sy plaas Driehoek naby Dealesville.[72] Dit is jammer dat Neser nie enige inligting omtrent sy verhoor en die tyd wat hy in die gevangenis deurgebring het, verskaf nie.

## 3. SLOTPERSPEKTIEWE

Japie Neser het nooit weer tot die openbare lewe toegetree nie, maar met sy boerdery voortgegaan. Nadat sy eerste vrou (soos vroeër reeds aangedui) op 10 Oktober 1917 oorlede is, is Neser weer getroud, dié keer met 'n nooi Bezuidenhout. Hierdie huwelik is egter met 'n egskeiding beëindig. Daar was geen kinders nie. Vervolgens is Neser met sy derde vrou, Maria Magdelena (Dalene) Joubert (1887-1954), getroud. Ook uit hierdie huwelik is geen kinders gebore nie. Nadat Neser afgetree het, het hy hom eers te Philippolis en later te Brandfort gaan vestig. Hy is op 30 Maart 1959 oorlede en te Brandfort begrawe.[73]

Japie Neser was 'n patriotiese Afrikaner wat alles vir sy land en sy (Afrikaner-) volk feil gehad het. Bloed is inderdaad dikker as water – Neser sou dus nie tydens die Anglo-Boereoorlog tuis kon bly op sy ouers se plaas in die Kaapkolonie nie, maar het by die Boeremagte aangesluit en vir die duur van die oorlog as rebel aan Boerekant geveg. Soos sommige ander Afrikaners het hy (verkeerdelik) geglo dat die Boere die stryd ná Mei 1902 kon voortsit en steeds 'n kans op oorwinning gehad het – net soos wat sommige Duitsers na afloop van die Eerste Wêreldoorlog (verkeerdelik) geglo het dat hul leër nie werklik teen November 1918 verslaan was nie en hulle dus die stryd teen die Geallieerdes kon voortsit en wen.

Toe die Groot (Eerste Wêreld-) Oorlog in Augustus 1914 uitbreek, is dit te verstane dat Neser, soos sommige ander Afrikaners, die geleentheid wat dié konflik gebied het om verlore republikeinse onafhanklikheid te herwin, aangegryp het – en dus waarskynlik in 'n groot mate blindelings leiersfigure soos Christiaan de Wet die rebellie in gevolg het. Neser se rebellie-herinneringe toon duidelik aan hoe impulsief en onnadenkend hy by die rebellie betrokke geraak het. Dit is ook

71 Wat betref 'n lys van Vrystaatse rebelle, insluitende Neser, wat verhoor is, kyk Vrystaatse Argief (Bloemfontein), PRG/1/7, "Rebel prisoners: – Particulars re: – ". In hierdie dokument word die name van 175 persone verskaf, van wie 144 skuldig bevind en gevonnis is.

72 Neser-manuskrip, p. 99; Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet*, pp. 287-293.

73 Inligting verskaf deur JP Neser (kleinseun); Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, boedel 1186/54: MM Neser.

duidelik dat die feit dat De Wet "op kommando" gegaan het, genoeg rede vir van sy kamerade uit die Anglo-Boereoorlog was om ook weer die geweer op te neem.

Met die kennis en insig wat die verloop van tyd en nawete bring, is dit 'n eeu na afloop van die rebellie van 1914-1915 makliker, maar ook nodig, om dié rebellie en diegene wat gerebelleer het, aan kritiese ondersoek te onderwerp. Met inagneming van wat aan die een kant deur Grundlingh en Swart in hul insiggewende *Radelose rebellie?*[74] oor die komplekse agtergrond en oorsake van die rebellie gesê is, en tegelyk ook deeglik kennis te neem van die argumente in vele ander publikasies, insluitende dié van Scholtz,[75] Spies,[76] en onlangs ook Grobbelaar[77] en Bothma,[78] soek die navorser na 'n ander invalshoek tot die gebeure van 1914-1915. 'n Militêre blik op die gebeure bring bepaalde insigte na vore. Vanuit 'n militêre oogpunt is die vraag nie in die eerste plek wie reg en wie verkeerd was nie (of was almal dalk in 1914 verkeerd?), of wat die oorsake van die opstand was nie, maar op grond van die feit dat die opstand tot wapengeweld ("oorlog") gelei het, is die vraag wie die (militêre) oorwinning behaal het. Dit mag so wees dat die rebellie weldra bepaalde politieke voordele vir die (meer konserwatiewe/"regse") Afrikaner (in besonder dus die ondersteuners van die Nasionale Party) ingehou het, maar militêr gesproke was daar slegs een oorwinnaar, naamlik die Suid-Afrikaanse regering en hul UVM. Die UVM het ongeveer 32 000 soldate (ongeveer twee-derdes was Transvalers; en sowat 20 000 was Afrikaanssprekendes) teen die rebelle ontplooi. Dit was nie nodig om die hulp van Britse troepe aan te vra nie. Die UVM se ongevalle was 132 dood en 242 gewond, terwyl van die 11 472 rebelle, 190 gedood en ongeveer 325 gewond is.[79] Slegs ongeveer 1% van die totale blanke bevolking het gerebelleer, oftewel 0,25% van die blanke manlike Afrikaanssprekende deel van die bevolking en 0,125% van die blanke Afrikaanssprekendes in die militêr-oproepbare ouderdomsgroep van 18-44 jaar.

Waarom het die rebelle die militêre stryd verloor? Mense soos De Wet (en Neser en vele ander) het goeie militêre ondervinding tydens die Anglo-Boereoorlog opgedoen en veral as guerrilla-bevelvoerders uitgeblink. Toe 'n wêreldoorlog egter twaalf jaar na afloop van die Boer-Brit-stryd uitbreek, was die aard van die nuwe oorlog geheel en al anders as vroeër. Mobiliteit is nie meer deur perde bepaal nie,

74 A Grundlingh en S Swart, *Radelose rebellie? Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2009).

75 GD Scholtz, *Die rebellie 1914-15* (Johannesburg: Voortrekkerpers, 1942; weer uitgegee: Pretoria: Protea Boekhuis, 2013).

76 SB Spies, *The rebellion in South Africa 1914-1915* (MA, Universiteit van die Witwatersrand, 1962).

77 P Grobbelaar, *191 4: Rebellie of protes? Vryheid teen imperialisme* (Calitzdorp: Die Outeur, [2013]).

78 LJ Bothma, *Rebelspoor: die aanloop, verloop en afloop van die Boereopstand van 1914-15* (Bloemfontein: Die Outeur, 2014).

79 Kyk bv. Union of South Africa, *The Union of South Africa and the Great War 1914-1918*: *official history* (Pretoria: The Government Printing and Stationary Office, 1924), p. 25.

maar deur motorvoertuie, terwyl vliegtuie ’n geheel nuwe dimensie tot verkenning en aanval sou toevoeg. Deur die beginsels van militêre strategie op ’n veldtog toe te pas, kan so objektief as moontlik oor sodanige veldtog geoordeel word.[80] Die rebelle was onvoorbereid; hul doelwit(te) was nie goed gedefinieer nie en rebelle-leiers het ook in dié verband onderling verskil; daar was geen of min koördinasie tussen die onderskeie rebelle-eenhede; hul mobiliteit was beperk weens ’n tekort aan perde; hul vryheid van aksie was dus ook gekompromitteer en van sinvolle maneuvrering was daar geen sprake nie – ook nie van verrassingsaanvalle of konsentrasie van mag nie; hulle het nooit die operasionele ruimte beheer nie; hul leierskap het gefaal en hul moreel was laag – wat onder meer tot drostery gelei het. Die rebelle het noodgedwonge van meet af aan ʼn tipe guerrilla-oorlog gevoer, maar met weinig sukses. Selfs ʼn honderd jaar na afloop van die gebeure sal daar steeds meningsverskille wees, maar daar was werklik nie veel heroïes aan Japie Neser en sy strydgenote se rebellie nie. Dit was ’n misplaaste opstand deur mense wat, soos Japie Neser, toegelaat het dat hulle deur hul emosies gelei word. Japie Neser en talle ander rebelle was oortuig dat hulle ’n rede(s) gehad het om te rebelleer en dat hulle sukses sou behaal, maar, alles in ag genome, was hulle rebelle sonder (’n) rede – hoewel daar vandag steeds ander standpunte in hierdie verband bestaan. Deur eerlik te vertel hoe die gehawende rebelle teen die einde van November 1914 voortgeploeter het, met ’n afgetakelde De Wet wat moontlik letterlik rigting verloor het (kyk egter ook weer voetnoot 52, *supra*), het Neser onbewustelik die heroïese beeld wat sommige van die rebellie voor(ge)hou (het), ontmitologiseer.

Vanuit ’n militêr-strategiese oogpunt gesien, was die rebelle se “oorlogspoging” pateties, gedoem tot mislukking, en was hul redelik doellose rondtrekkery, suiwer militêr gesproke, ʼn klug. Daarenteen was die UVM se optrede oor die algemeen klinies korrek en uiteindelik suksesvol. Louis Botha het besef dat, met De Wet aan die voorpunt, die rebellie in die Vrystaat die grootste gevaar vir die regering ingehou het, en gevolglik het Botha die meeste van die tyd die teen-rebellieveldtog persoonlik gelei. Die UVM het deurgaans oor ’n getalsoormag beskik; danksy hul motorvoertuie en beheer oor die spoorwegnetwerk, was hulle mobiel en kon vinnig oor lang afstande ontplooi en sinvol gekonsentreer word. Soos die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog, het die UVM dryfjagte teen die rebelle van stapel gestuur – met goeie gevolg; hulle was goed bewapen (en het oor artillerie beskik). Meer nog: hul doelwit (om die rebellie so gou as moontlik te onderdruk en wet en orde in die Unie te herstel) was duidelik geformuleer; daar was deurgaans koördinasie tussen die onderskeie UVM-eenhede, danksy goeie oorkoepelende bevel en beheer; hulle was

80 Vir die teoretiese agtergrond tot die krygskundige evaluering wat nou volg, kyk bv. A Wessels, “The principles of military strategy”, in RJ Constantine (red.), *New perspectives on the Anglo-Boer War, 1899-1902/Nuwe perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2013), pp. 139-210.

dus feitlik van meet af in beheer van die uitgestrekte oorlogsgebied, vandaar dat die rebelle nooit werklik ’n realistiese kans op sukses gehad het nie.

Uit Japie Neser se rebellie-herinneringe is dit duidelik dat, in onstabiele tye, emosies geneig is om oor redelikheid te seëvier. Dit is dus geen wonder nie, maar steeds problematies, dat in die Vrystaat die vermanende woorde van openbare figure, soos MT Steyn en JBM Hertzog, geswig het voor die emosiebelaaide uitsprake van die vermaarde Christiaan de Wet. Laasgenoemde se rebellie was een van die redes waarom sowat 62% van alle rebelle (7 123 uit 11 472) van die Vrystaat afkomstig was, teenoor 26% (2 998) van die Transvaal en 11% (1 251) van die Kaapprovinsie.

Neser se herinneringe (hoewel veertig jaar na afloop van die gebeure neergepen, en beslis nie sonder gebreke nie) werp lig op die aard en (beperkte) omvang van die Afrikaneropstand en benadruk die feit dat dit ’n hoogs omstrede episode in die veelbewoë geskiedenis van die Afrikaner en Suid-Afrika was. Die Afrikaneropstand se oorsake was veelvoudig en verwikkeld (en val buite die bestek van hierdie studie). Die rebellie moet beslis bestudeer en geanaliseer word, maar daar is nie juis veel wat (positief) herdenk kan word nie; behalwe indien daar, vanuit ’n militêre oogpunt, gefokus word op die feit dat die UVM se suksesvolle onderdrukking van die rebellie hierdie nuwe militêre mag se eerste groot sukses was. Rebellie teen ’n wettig-verkose owerheid wat onderdane oor die algemeen goed behandel, kan immers nie maklik geregverdig word nie. Neser se rebellie-herinneringe werp lig op die rol wat leiersfigure soos De Wet tydens die rebellie gespeel het en benadruk tegelyk ook die waarde van ego-dokumente (soos dagboeke, briewe en herinneringskrifte) wat deur “gewone” mense nagelaat word. Hierdie bronne moet egter met omsigtigheid hanteer word (kyk byvoorbeeld die feitefoute wat – soos aangedui – in Neser se rebellie-herinneringe voorkom), en dus moet die inligting wat daarin vervat word, sover moontlik, aan die hand van ander bronne geverifieer word, soos wat in hierdie artikel gepoog is om te doen.